Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## HANDELSREG N5

## 2 DESEMBER 2019

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


## ALGEMENE OPMERKINGS

1. Die antwoorde in hierdie nasienriglyn moet slegs as riglyn gebruik word en moet nie as die enigste korrekte antwoord/e beskou word nie.
   Punte moet nog steeds vir 'n kandidaat se antwoord toegeken word, mits die antwoord 'n soortgelyke betekenis/idee bevat. Begripsverskille kan voorkom en die eksaminator moet tydens 'n nasienbespreking geraadpleeg word waar daar onsekerheid voorkom.

2. Antwoorde moet te alle tye in volsinne wees waar dit uitdruklik vereis word en in die vraestel gevra word.
   Indien antwoorde nie volledig beskryf, gedefinieer of ontleed is nie, kan volpunte nie vir die kandidaat se antwoord/antwoorde toegeken word nie. Vir spesifieke detail moet elke vraag noukeurig ondersoek word.

   LET WEL: GEEN halfpunte word toegeken nie.

3. As 'n kandidaat meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, moet SLEGS DIE EERSTE VIER VRAE, WAT DIE VERPLIGTE VRAAG INSLUIT, nagesien word. In gevalle waar meer as VIER vrae in totaal beantwoord is, moet die vyfde (laaste) vraag geskrap word deur 'n rooi streep oor daardie gedeelte van die antwoordstel te trek.

   Die nasiener moet sy/haar besluit aandui om nie die betrokke vraag na te sien nie deur die volgende verklaring aan die einde van daardie vraag te skryf. Voeg asseblief u handtekening en die datum agterna by.

   'DIE KANDIDAAT HET MEER AS DIE VEREISTE AANTAL VRAE BEANTWOORD (RAADPLEEG EKSAMENINSTRUKSIES 1 EN 2).'

   Indien daar enige onsekerheid is, moet die eksaminator geraadpleeg word.

4. MOENIE op enige wyse met enige grensgevalle peuter nie (ruwe telling van 76 tot 79 punte uit 200). MOENIE die punte eensydig aanpas nie. Skryf 'n aanvullende verklaring in u nasienersverslag en laat die aanpassing van punte aan die modereringsproses oor.
   'n Praktiese of semesterpunt moet nog by hierdie ruwe puntetelling gevoeg word.

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


## AFDELING A (VERPLIGTEND)

### VRAAG 1

1.1 1.1.1 D
1.1.2 C
1.1.3 A
1.1.4 D
1.1.5 A

(5 × 2) (10)

1.2 1.2.1 Onwaar✓ – 'n Vennootskap betaal nie inkomstebelasting nie. Die individuele vennote betaal belasting na winsdeling in hul hande.✓

1.2.2 Onwaar✓ – Op hierdie manier word agentskap gevorm by wyse van bekragtiging en nie by wyse van estoppel nie.✓

1.2.3 Onwaar✓ – Wanneer 'n skuldeiser om sekwestrasie (nie rehabilitasie) aansoek doen✓

1.2.4 Onwaar✓ – 'n Lid van 'n maatskappy het geen reg op toegang tot die boeke nie.✓

1.2.5 Onwaar✓ – Borg versterk of vervang nooit 'n skuldenaar se aanspreeklikheid nie.✓

1.2.6 Onwaar✓ – Die voortgesette bestaan van 'n maatskappy sonder winsoogmerk hang nie daarvan af of die direkteure lewe of nie.✓

1.2.7 Onwaar✓ – SABS is 'n onderneming in staatsbesit.✓

1.2.8 Waar✓ – Die nuwe Maatskappywet het aandele met pariwaarde afgeskaf en maatskappye mag slegs aandele sonder pariwaarde uitreik.✓

1.2.9 Onwaar✓ – Ingevolge die nuwe Wet is daar nie meer enige registrateurs van maatskappye of beslote korporasies nie. Die verantwoordelike entiteit word nou die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom genoem.✓

1.2.10 Onwaar✓ – 'n Pandhouer se regte strek oor die goedere wat verpand is plus die aanhangsels, onderworpe aan voorwaardes.✓

(10 × 2) (20)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


1.3
- 1.3.1 I
- 1.3.2 J
- 1.3.3 H
- 1.3.4 A
- 1.3.5 C
- 1.3.6 F
- 1.3.7 D
- 1.3.8 E
- 1.3.9 B
- 1.3.10 G

(10 × 2) (20)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 2

2.1
- Die meeste egskeidings word afgehandel wanneer die gades 'n skikkingsooreenkoms sluit ingevolge waarvan die huweliksbates gelyk onder die partye verdeel word. Die antwoord hang daarvan af of sy vader wil hê dat sy vrou by die onderneming betrokke moet bly al dan nie.
- Indien wel, kan die onderneming soos gewoonlik voortgaan (niks verhoed hulle om saam in die onderneming te wees nie).
- Indien nie, sou dit die beste wees as sy vader die onderneming laat waardeer en aanbied om sy vrou uit te koop vir 'n bedrag wat gelyk is aan 10% van die totale waarde. Sodra sy daardie aanbod aanvaar, sal sy uitbetaal word en bedank as lid van die BK. (Enige 2 × 2) (4)

2.2
- Elke lid moet 'n bydrae lewer van geld, eiendom of dienste.
- Die omvang van elke lid se belang moet as 'n persentasie uitgedruk word (totaal 100%).
- Kan lid word van 'n bestaande lid of van sy of haar bestorwe boedel of deur 'n bykomende lid toe te laat as huidige lede hul individuele belange verminder om voorsiening vir 'n nuwe lid te maak.
- Kan 'n ledebelang van 'n bestaande lid bekom ('n verkooptransaksie). As 'n lid se boedel gesekwestreer word, kan die kurator daardie lid se belang aan bestaande lede of aan 'n buitestander verkoop.
- By wyse van 'n bepaling in 'n testament, tensy die bestaande lede daarteen beswaar maak en die belang verkoop word aan die korporasie, lede of buitestanders. (Enige 4 × 2) (8)

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za


2.3
- Dit voorsien 'n oorsig van die prosedures wat gevolg moet word by die administrasie van die regsentiteit.
- Dit behandel kwessies ten opsigte van finansiering, beëindiging van lidmaatskap, oorname van lede se belange, beperkings op 'n uittredende lid se belang, ensovoorts.
- Dit behandel kwessies wat soortgelyk is aan die aandeelhouersooreenkoms, byvoorbeeld, verdeling van gesag, aanstel van verteenwoordigers, % winsdeling en beleidskwessies. (3 × 2) (6)

2.4
- Tree tot vennootskap toe slegs in naam van een persoon – ander is onbekend
- Onbenoemde persone is nie aanspreeklik teenoor derde partye nie, slegs teenoor medevennote.
- Uitsondering: waar hulle hulself verteenwoordig of die vennootskap as sodanig verteenwoordig
- Anonieme vennoot/vennote het geen beheer oor of sê in die bestuur van die vennootskap nie, maar het slegs toegang tot die boeke.
- Moet pro rata-aandeel van verliese dra tot die omvang van hul aandeel.

(5 × 2) (10)

2.5
- Die vennootskap sal (as sake-entiteit) ontbind word.
- Die sekwestrasie van die vennootskapboedel beteken die outomatiese sekwestrasie van Asanda en Marissa se boedels, maar nie van Thandeka s'n nie – hoekom?
- Thandeka is 'n kommanditêre vennoot en so 'n vennoot se boedel word van sekwestrasie uitgesluit.
- As Marissa voldoende geld het (sy is R3 miljoen werd), kan sy aanbied om die skuld (R920 000) van die vennootskap te betaal of om sekuriteit te bied vir die skuld van die vennootskap (R920 000), en haar persoonlike boedel sal gevolglik nie gesekwestreer word nie.
- As die vennootskap gesekwestreer sou word, sal die boedel van die vennootskap en dié van die vennote absoluut onafhanklik van mekaar wees en afsonderlik geadministreer word.
- As die vennootskapsbates verkoopo/gelikwideer sou word om die skuldeisers te betaal en daar sou nie genoeg geld wees nie, kan die skuldeisers óf vir Asanda óf vir Marissa dagvaar vir die oorskot (R920 000 minus R600 000 – R320 000) van die geld wat hulle nog nie ontvang het nie, maar hulle kan nie vir Thandeka dagvaar nie (omdat sy 'n kommanditêre vennoot is – sien rede hierbo).
- Vennote is gesamentlik en afsonderlik vir vennootskapskulde aanspreeklik.

(Enige 6 × 2) (12)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


2.6 2.6.1 Akte van oprigting

2.6.2 Maatskappy met winsoogmerk en maatskappy sonder winsoogmerk

2.6.3 Publieke maatskappy = 1 lid en privaat maatskappy = 1 lid

2.6.4 Oudit van finansiële state vir 'n BK is vrywillig

2.6.5 Ondernemingsredding word aangebied

(5 × 2) (10)
**[50]**

**VRAAG 3**

3.1
- Die hele eiendom vorm die voorwerp van die saaklike sekerheid wat ook die voorwerp van die verband is.
- Die hele eiendom bly onderworpe aan aan die verbandnemer (Easy Finance Bank se) saaklike reg.
- Adrian (verbandgewer) sal Easy Finance Bank (verbandnemer) se toestemming moet verkry om die onderverdeelde gedeelte van die verband vry te stel.
- Sonder Easy Finance Bank se toestemming kan die onderverdeelde gedeelte nie in Maria (nuwe eienaar) se naam geregistreer word nie.

(Enige 2 × 2) (4)

3.2 3.2.1
- Wese van agentskap
- Geen formaliteit – stilswyend MAAR beter as uitdruklike gesag verleen word
- Word gewoonlik skriftelik aan agent gegee ('volmag')

(Enige 2 × 2) (4)

3.2.2
- Agent het sonder enige (stilswyende of uitdruklike) gesag van prinsipaal opgetree.
- Waar daar geen prinsipaal is wat gesag kan verleen nie, is daar GEEN agentskap nie.
- Agent is ten volle aanspreeklik teenoor derde persoon waar hy die prinsipaal onwettig of bedrieglik wanvoorgestel is.
- Geen bekragtiging kan die agent se optrede regstel nie.

(Enige 2 × 2) (4)

3.2.3
- Waar geen uitdruklike gesag verleen is nie, mag gesag uit optrede van prinsipaal afgelei word.
- Howe sal gelei word deur optrede tussen partye om te sien of daar 'n verhouding bestaan.
- Kan ook bykomend by normale (uitdruklike/stilswyende) gesag wees waar agent handelinge verrig wat nie streng binne gesag is nie (word geag die gewone maniere in te sluit).
- Baie moeilik om te bewys – bewyslas is op derde persoon om agent se gesag te bepaal. (Enige 2 × 2) (4)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


3.3
- Nee
- Ooreenkoms moet uitdruklik wees of uit die feite afgelei word.
- Mits geen ander uitleg moontlik is nie behalwe dat hulle bedoel het om 'n vennootskap te skep. (3 × 2) (6)

3.4
- Om die skuldenaar in staat te stel om sy finansiële probleme te bowe te kom
- Die insolvent se vorige status word herstel.
- Mag weer die titel van direkteur verkry of 'n onderneming van 'n algemene handelaar of vervaardiger bestuur
- Doen aansoek by hof om rehabilitasie (outomaties na 10 jaar)

(Enige 3 × 2) (6)

3.5 3.5.1 Waar die insolvent bates verkoop of daarvan ontslae raak voor sekwestrasie, en as gevolg daarvan die regte van skuldeisers benadeel. (2)

3.5.2
- Waar die insolvent ooreenkomste aangaan/beskikkings maak SES maande voor sekwestrasie met sekere van die skuldeisers om hulle bo ander skuldeisers te bevoordeel.
- Sodanige handelinge is VERNIETIGBAAR en wanneer hulle bekend word, word hulle ongedaan gemaak. (2 × 2) (4)

3.5.3
- Waar die insolvent van bates ontslae raak (verkoop of weggee) vir minder as hul werklike waarde
- Sodanige beskikkings kan tersyde gestel (ongedaan gemaak) word deur die howe waar die waarde van laste die bates oorskry onmiddellik na die beskikking. (2 × 2) (4)

3.6
- Insolvent verloor beheer oor boedel/kan nie vervreem nie/verkwis of die oorblywende bates belas nie
- Opbrengs van insolvente boedel word pro rata onder skuldeisers verdeel
- Skuldeisers mag nie op 'n wyse optree wat die eise van ander skuldeisers benadeel nie (6)

3.7
- Een persoon tree namens 'n ander op.
- Handeling namens of vir iemand anders is 'n regshandeling.
- Die handeling is gemagtigde optrede.
- Die handeling skep 'n verpligting tussen die partye. (Enige 3 × 2) (6)

**[50]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


**VRAAG 4**

4.1 4.1.1

- Nie 'n geldige retensiereg nie
- Rede: Die rekenmeester mag nie die kliënt se boeke hou nie. Hy mag slegs die rekeningkundige state weerhou wat hy voorberei het.

4.1.2

- Ja, 'n geldige retensiereg bestaan.
- Rede: Juwelier mag artikel hou totdat hy/sy vir die werk betaal is (arbeid en onderdele vir herstelwerk) wat aan die horlosie gedoen is.

(2 × 2) (4)

4.2 4.2.1 Bergingsretensiereg
4.2.2 Skuldenaar- en skuldeiserretensiereg

(2 × 2) (4)

4.3

- Betekenis: Is doeltreffend in gevalle waar die borg sy/haar hoof-aanspreeklikheid nagekom het en die skuldeiser betaal het as laasgenoemde (skuldeiser) betaling van die borg geëis het
- Na sodanige betaling het die borg die reg om te eis dat die skuldeiser al die regte en voorregte (kragtens die borgstellingooreenkoms) sedeer wat hy (skuldeiser) teen die hoofskuldenaar en medeborge (indien enige) van die borg het
- As die skuldeiser hierdie regte aan die borg sedeer (oorgedra) het, kan die borg nou die geld eis wat hy (die borg) aan die skuldeiser betaal het PLUS regskoste (indien enige) en ook skadevergoeding van die hoofskuldenaar en of medeborge eis vir skade wat hy gely het in hierdie proses (indien enige).

(3 × 2) (6)

4.4

- Deur skuldenaar wat die land verlaat/afwesig is/vertrek sonder bedoeling om betaling van sy skuld te ontduik
- Versuim om vereistes van uitvoering teen skuldenaar na te kom
- Vervreemding/Poging om eiendom te vervreem waardeur sekere skuldeisers benadeel word
- Verwydering van eiendom
- Maak 'n aanbod aan een/meer skuldeisers om hom gedeeltelik of ten volle van sy skuld vry te stel
- Versuim om volledige vermoënsstaat van boedeloorgawe teen keerdatum in te dien
- Gee skriftelike kennis aan enige skuldeiser dat hy nie in staat is om sy 'n skuld te betaal nie
- Gee kennis in *Staatskoerant* van voorneme om onderneming te verkoop/vervreem (Enige 4 × 2) (8)

4.5

- Akte van oprigting
- Statute (2 × 2) (4)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


4.6
- Volle naam van korporasie
- Die hoofbesigheid wat gedoen of deur die BK onderneem word
- Posadres
- Volle naam/ID-nommer/Geboortedatum van lede
- Ledebelange uitgedruk in persentasies
- Besonderhede van bydraes (indien enige)
- Naam/Posadres van rekeningkundige beampte
- Datum van einde van finansiële jaar (Enige 4 × 2) (8)

4.7
- Elke lid moet 'n bydrae lewer van geld, eiendom of dienste.
- Die omvang van elke lid se belang moet as 'n persentasie uitgedruk word (totaal 100%).
- Kan 'n lid word van 'n bestaande lid of van sy of haar bestorwe boedel of deur 'n bykomende lid toe te laat as huidige lede hul individuele belange verminder om voorsiening vir 'n nuwe lid te maak.
- Kan 'n lid se belang van 'n bestaande lid bekom ('n verkoopstransaksie).
- As 'n lid se boedel gesekwestreer word, kan die kurator daardie lid se belang aan bestaande lede of aan 'n buitestander verkoop.
- By wyse van 'n bepaling in 'n testament, tensy die bestaande lede daarteen beswaar maak en die belang verkoop word aan die korporasie, lede of buitestanders. (8)

4.8
- Dit voorsien 'n oorsig van die prosedures wat gevolg moet word by die administrasie van die regsentiteit.
- Dit behandel kwessies ten opsigte van finansiering, beëindiging van lidmaatskap, oorname van lede se belange, beperkings op 'n uittredende lid se belang, ensovoorts.
- Dit behandel kwessies wat soortgelyk is aan die aandeelhouersooreenkoms, byvoorbeeld, verdeling van gesag, aanstel van verteenwoordigers, % winsdeling en beleidskwessies. (3 × 2) (6)

4.9 Die vennootskap het geen regspersoonlikheid nie en as sodanig behoort alle bates en laste aan individuele vennote en NIE aan die vennootskapbesigheid nie. (2)

**[50]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


**VRAAG 5**

5.1

| MAATSKAPPYE | | |
|---|---|---|
| **PRIVAAT** | **PUBLIEK** | **VENNOOTSKAPPE** |
| Minimum van 1 lid✓ | Minimum van 1 lid✓ | 2–20 lede✓ |
| Beperk aandele tot publiek✓ | Mag aandele vir die publiek aanbied | Geen aandele om oor te dra nie ✓✓ |
| Lede is aandeelhouers✓ | Lede is aandeelhouers✓ | Lede is vennote ✓✓ |
| Lede het geen stilswyende gesag om as agente van die maatskappy op te tree nie✓✓ | Lede het geen stilswyende gesag om as agente van die maatskappy op te tree nie✓✓ | Vennote het stilswyende gesag om as agente op te tree en die vennootskap te bind✓✓ |

(18)

5.2 Die verhouding waarvolgens winsdeling sal plaasvind, word gebruik. (2)

5.3 Enige geskille (huidige of toekomstige) kan opgelos word, aangesien alle noodsaaklike bepalings ten opsigte van bydraes, ensovoorts, in die vennootskapooreenkoms uiteengesit word. (2)

5.4 5.4.1

- Nie daarop geregtig nie, tensy vooraf ooreengekom
- Tensy vennootskap bevoordeel is deur spesiale dienste bo en behalwe normale dienste
- Redelike vergoeding
- Vergoeding van uitgawes in diens van vennootskap vir beserings opgedoen in uitvoering van pligte (Enige 2 × 2) (4)

5.4.2

- Vennote is mede-eienaars en het dus 'n reg in hierdie verband.
- Mag deel in bates in verhouding bepaal in vennootskapooreenkoms of soos vooraf ooreengekom
- As daar nie 'n ooreenkoms is nie, dan deel hulle in dieselfde verhouding as wat hulle winste sou verdeel het. (Enige 2 × 2) (4)

5.5

- Waar vennoot stilswyend gehandel/gekontrakteer het tot voordeel van vennootskap
- Waar optrede toevallig was vir die behoorlike bedryf van die onderneming
- Waar optrede val binne die omvang van die vennootskaponderneming

(3 × 2) (6)

5.6 Vir vennote:

- Kan gesamentlik en afsonderlik vir vennootskapskuld gedagvaar word
- Vennote se mandate word gekanselleer/beëindig
- Plig om aan oorblywende vennote verslag te doen

Vir buitestanders:


- As skuldeisers mag hulle vennote gesamentlik/afsonderlik vir skuld dagvaar.

(Enige 2 × 2) (4)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


5.7




(5 × 2) (10)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Copyright reserved